NG Kerk Rietfontein-Suid

Ons Gee Om

# Die Rietfluit

**Maart, April & Mei 2023**

***Ons Visie:* *Deur Christus-liefde gee ons vir almal om***

Liewe lidmaat,

Baie seën en sterkte vir 2023.

Mag dit vir jou ’n baie mooi en geseënde nuwe jaar wees.

Ons sien saam met jou uit na wat God vir ons en deur ons as gemeente wil doen.

Deel van God se volmaakte plan met ons almal is om hierdie jaar meer as ooit te groei in ons verhouding met Hom, en om in pas met Sy wil te leef. Daar is vyf bakens wat hierdie jaar vir ons in die gemeente kan help om koers te hou op God se pad:

**Sy Woord**: Ons wil in hierdie jaar groei in ons kennis en uitlewing van God se Woord. Ons wil ook dieper in ons verhouding met die Here groei. Daarom gaan ons Sondae en in ons omgeegroepe meer tyd spandeer om dieper te delf in die Woord en hoe ons dit in ons lewe kan toepas. Ons beplan lekker preek-reekse en werkswinkels vir die jaar.

**Gebed**: Ons is ’n geloofsfamilie en dit beteken ons beskou mekaar as boeties en sussies. Ons dra mekaar se laste en gee om vir mekaar. Ons gebedspan leef met die oortuiging van Jakobus 5:16 - *Die*

*JAARTEMA:* ***God roep, ons bou!***

*gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking*. Daarom wil ons ook meer van gebed in ons gemeente maak, sodat God se wil in ons gemeente sal geskied, ons Sy Gees se leiding duidelik sal ervaar, en dat alles wat ons doen Sy Koninkryk meer sigbaar sal maak. Ons wil ook nie hê ons lidmate moet alleen hulle uitdagings hanteer nie. Daar is toegewyde kinders van die Here wat reg staan om langs jou in te skuif en sáám jou te bid. Enige gebedsversoek is altyd welkom.

**Gemeente-visie**: Om 'n gemeente te wees waar lidmate, gedring deur die liefde van Christus, vir mekaar en ander omgee.

**Jaartema**: <u>God roep, ons bou!</u> Ons wil hierdie jaar spesiale moeite doen om doelgerig ons gemeente te herbou. Die afgelope paar jaar was moeilik. Ons het baie verliese beleef. Ons het kosbare lidmate verloor. Daar is baie bedieninge en aktiwiteite wat in ons gemeente dood geloop het. En die tyd het aangebreek vir ons om ook weer ons gemeente te herbou en op te bou. Ons is opgewonde oor wat die Here in ons en deur ons gemeente gaan doen. Hy het 'n spesiale plan vir ons en Hy is besig om 'n wonderlike storie deur ons te skryf.

**Verhoudings**: Naas ons verhouding met God, is ons verhouding met mekaar ook 'n belangrike fokuspunt. Huweliksverhouding; gesinsverhouding en verhouding met mede-gelowiges (veral in ons bedieninge en omgeegroepe) is vir ons van wesenlike belang. Ons wil in hierdie jaar deurlopend aan ons verhoudings werk en so in ons verhoudings groei.

Kom ons gaan saam opmars met ons Leidsman, en laat Hom toe om ons te vorm en te gebruik tot Sy eer.

*Ds Petro*

# - - - - DATUMS VAN BELANG - - - -



- **<u>4 Maart:</u>** Moot Mark & Karwas 9:00 - 13:00
- **<u>11 Maart:</u>** Kerkbasaar
- **<u>20 Maart:</u>** Skoolvakansiedag
- **<u>21 Maart:</u>** Vakansiedag: Menseregtedag
- **<u>24 Maart:</u>** Skole Sluit
- **<u>1 April:</u>** Moot Mark & Karwas 9:00 - 13:00
- **<u>7 April:</u>** Goeie Vrydag, Nagmaal @ 9:00
- **<u>12 April:</u>** Skole Open
- **<u>27 April:</u>** Vakansiedag: Vryheidsdag
- **<u>1 Mei:</u>** Vakansiedag
- **<u>6 Mei:</u>** Moot Mark & Karwas 9:00 - 13:00
- **<u>14 Mei:</u>** Moedersdag



*Die Here sal jou altyddeur lei; selfs in dor streke sal hy in jou behoeftes voorsien.*
*Jesaja 58:11*

God sal jou gebede beantwoord op sy volmaakte tyd; Bid in sy wil, en Hy sal gee— van nou af tot in ewigheid.








## HELP ASSEBLIEF

Benodig finansiële bydraes, borge vir pryse vir speletjies, gebak (soos poeding en koek) en hande om te help tydens basaar.

**Kontak asseblief vir Herman by 082 461 1152**

Kom geniet die basaar se lekker kuier, heerlike eetgoed, pret en speletjies vir oud en jonk.

# OMGEE-BEDIENING

**Gemeente Omgee Groepe 2023**

## Waarom gaan jy en ek kerk toe?

1. Ék is swak op my eie, daarom gaan gaan ek "kerk / eredienste" toe om ons **HERE TE AANBID –** dit kan ons die beste in die **erediens** doen, waar ons lofliedere en geestelike liedere saam sing**. Die eredienste is waar ek my blydskap omdat ek een van die Here se kinders mag wees, kan uitlewe.**

2. Ék gaan KERK TOE om te oefen hoe om 'n **DISSIPEL** van Jesus te wees, d.w.s. om te leer hoe om elke dag in my lewe meer **SOOS JESUS** te word, om die Here te dien. Ek weet nie altyd wat is reg of verkeerd in my lewe nie, of wat verwag Jesus van my as een van Sy kinders nie - **Daarmee help ons liewe Ds Petro en Marno my grootliks, in hul preke.**

3. Ék is eintlik maar selfsugtig, op myself gefokus, stel net in my eie dinge belang. Maar ek is dankbaar dat die Here Jesus my geroep het as een van sy kinders. Ek woon dus **Omgeegroepbyeenkomste** by, om saam met my mede-Christene in Rietfontein-Suid aan ons **GEESTELIKE FAMILIE VERHOUDINGS TE BOU,** d.w.s. om vir my mede-Christene om te gee; **en mekaar te help** deur ons gawes, vaardighede, persoonlikhede in die ge meente te gebruik. **Dit kan ek nie regkry sonder die OMGEEGROEP waaraan ek behoort nie. Of sonder om deel te neem in een van die BEDIENINGS van Rietfontein-Suid nie!**

**Hiermee nooi ek en Ds Petro jou dus weer ernstig en opreg uit, om by 'n Omgeegroep aan te sluit en gereeld deel te neem! En kyk ook asseblief maar weer by watter Bediening jy dalk 'n nodige bydrae tot ons Gemeente se groei kan maak.**

Hoe gaan ons Omgeegroepe te werk**? Dis nie moeilik nie!**

Ons Omgeegroepe hanteer alles wat in die Groep genoem of bespreek of voor gebid word, met **vertroulikheid**. Ons delf saam dieper in die geheimenisse van die Here se **Woord** (aan die hand van die Omgeepapiere) Ons **skinder nie** oor mekaar of oor ander nie; Ons gee mekaar **raad en bid** saam oor ons lewensprobleme en uitdagings; Ons **bid vir siekte** in ons gesinne; Soms **help** ons mekaar vertroulik as daar geldelike nood is; **Ons gaan elke keer huistoe met Blye Harte!**

**‘n “Buigbare Agenda”, vir weeklikse Byeenkomste:**

| **Aksie m.b.t. die Weeklikse Omgee-groep byeenkomste** | **Verantwoordelikheid** |
|---|---|
| Voorbereiding van Besprekings onderwerp (Omgeepapiere) | Ds Petro, saam met myself as Leier van Omgeebediening, of Omgeegroepleier |
| Open met Gebed | Omgeegroepleier of Vrywilliger |
| Aanbidding en lofsang | Almal in Omgeegroep, moontlik met begeleiding van ‘n musikant |
| Deel Lief en Leed / Nuus / Gebedsver-soeke van Omgeegroeplede | Almal in die Omgeegroep |
| Bespreking van Onderwerp; deel ook insigte, ervaring en vra hulp / gebed | Almal onder leiding van Omgeegroep-leier, of Omgeegroep lid |
| Toegepaste gebed en dankgebede, soos geïnspireer deur Onderwerp, of “Lief en Leed” en gebedsversoeke | Almal in die Omgeegroep |
| Sosiale Verkeer / gesels. Soms drink ons tee of vier ‘n verjaarsdag | Almal in die Omgeegroep |
| Afsluiting | Vrywilliger |

**Ons Omgeegroepe behou ook kontak met mekaar gedurende die week**

- Ons skep gewoonlik ‘n Whatsapp groepie met al die Omgeegroep lede as deelnemers.
- Ons beperk kommunikasie sover moontlik tot Teks Boodskappe of Stem Boodskappe .
- Ons kommunikeer behoeftes / gebedsversoeke, goeie wense en geestelike insigte aan mekaar mbv Whatsapp .
- Soms gaan help ons mekaar as daar een of ander nood is.

**As jy ‘n gemis in jou kerklike / geestelike lewe voel, of as jy net nie meer kán aangaan so op jou eie nie, moenie huiwer om my, Tommy Rademeyer of Ds Petro te kontak nie!**

Peet Dorfing – 084 464 7102

Tommy Rademeyer – 082 372 9803

Ds Petro Jonker – 072 048 9856

*Peet Dorfling (Medeleier: Omgeebediening)*




| | | |
|---|---|---|
| **NG GEMEENTE RIETFONTEIN SUID** | | |
| Finansiële verslag Januarie 2022 tot Desember 2022 | | |
| **Begroot** | | **Werklik** |
| 19,695 | Geestelike Toerusting | 6,678 |
| 5,198 | Instandhouding | 1,100 |
| 2,149,250 | Gemeente Infrastruktuur | 2,015,496 |
| 12,905 | Diens van Barmhartigheid | 6,415 |
| 75,870 | Sending | 87,414 |
| **2,262,918** | **Inkomste** | **2,117,103** |
| 120,595 | Geestelike Toerusting | 51,509 |
| 44,505 | Instandhouding | 57,516 |
| 1,729,612 | Gemeente Infrastruktuur | 1,664,153 |
| 24,933 | Diens van Barmhartigheid | 3,441 |
| 75,872 | Sending | 59,879 |
| **1,995,517** | **Uitgawe** | **1,836,498** |
| **267,401** | **Oorskot** | **280,605** |


**Daar is innige dankbaarheid teenoor ons Hemelse Vader vir al die lidmate wat getrou hul bydraes gee. Baie dankie aan elkeen wat 'n verskil met jul bydraes maak.**

# Biblical Teachers

All the words are hidden vertically, horizontally or diagonally—in both directions.

| | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| M | A | N | A | E | N | E | M | B | D | S | U | S | E | J |
| Q | R | M | Q | J | K | O | S | K | A | O | N | G | B | A |
| Z | D | K | F | K | S | E | W | V | T | O | C | C | Q | D |
| S | H | S | Z | E | O | Z | B | W | E | J | Z | U | A | H |
| U | I | A | S | K | L | B | D | M | F | W | I | V | N | K |
| I | C | A | W | W | D | Y | I | L | C | L | I | N | C | X |
| C | S | L | R | P | H | S | S | W | A | D | U | O | M | G |
| U | O | L | D | E | Y | N | U | A | H | D | L | C | I | F |
| L | L | I | P | C | O | H | O | K | B | A | T | U | C | A |
| D | L | C | L | L | U | T | T | M | T | A | I | E | A | L |
| A | O | S | M | F | L | X | H | O | O | W | N | S | L | P |
| R | P | I | H | W | V | X | K | V | M | L | T | R | O | W |
| Z | A | R | J | Q | D | N | U | B | W | I | O | G | A | J |
| E | T | P | M | H | L | E | U | M | A | S | T | S | U | B |

# CRYPTIC CROSSWORD 1




Doodle SPOT

Solutions on p 18

## ACROSS

**1.** Dealer in textiles (6)
**8.** Finely ground wheat (5)
**9.** Having mark burned in (7)
**11.** Amicable (8)
**12.** Use push bike (5)
**15.** Record (4)
**16.** Carton (3)
**17.** Plant, may be Vera (4)
**19.** Unbending (5)
**21.** Sphere of characters on some typewriters (8)
**24.** Showing one's tiredness (7)
**25.** Not loyal (5)
**26.** Water boiler (6)

## DOWN

**2.** Before the appointed time (5)
**3.** Struggle, contest (8)
**4.** A chain of rocks (4)
**5.** To lay before one (5)
**6.** Chilly (4)
**7.** Cause strain on the nerves (4)
**10.** Large, brightly coloured insect (9)
**12.** Cipher, secret language (4)
**13.** A strict disciplinarian (8)
**14.** One's personality, ego (4)
**18.** A convent under an abbot (5)
**20.** Conclusive (5)
**21.** Donation (4)
**22.** Flower, a symbol of whiteness (4)
**23.** Not to have (4)

*May/June 2022, Fairlady, Cryptic Crossword 1, p 162*

# OESTYD

## Februarie 2023

Geagte Broer en Suster,

Dankie aan elkeen wat finansieël bydra tot uitreik deur sending deur getrou hul Geloofsoffer-belofte na te kom. Indien u koeverte vir u Geloofbelofte-offer benodig, kry asseblief by die mobiele inligtingstoonbank by die suidoostelike deur van die kerkgebou. Bydraes kan ook elektronies inbetaal word in die Sendingrekening – ABSA Bank, Rek nr 4049133874.

# MOSAMBIEKSENDING

## Andries & Sunette Schwartz

*Nuusbrief: September – Desember 2022*

Moeilik om te glo, maar dit is alweer byna 3 maande nadat ons ons laaste nuusbrief uitgestuur het.

### 1. Behandeling en Suid-Afrika

Aan die begin van Andries se behandeling in Suid-Afrika (Sept en Okt) het die tyd lank voor ons uitgestrek gelê, maar tog het dit blitsvinnig verby gevlieg. Omdat die bestralings daagliks plaasgevind het (5x/week), kon ons nie te wyd besoek nie, maar ons het ons kinders en kleindogter daar gereeld gesien wat 'n groot vreugde was. Dit was maar moeilik vir oupa en ouma om te groet.

Goeie nuus was dat die dokter die hormoonbehandeling van 2 jaar na 6 maande verminder het. So het ons die reis terug Mosambiek toe met die laaste inspuiting in die koelhouer aangepak.

### 2. 'Njira ya Haki' en 'visão geral'

Jare gelede het die Vermootens wat toe sendelinge in Pemba was, die 'Building on Firm Foundations' lesse vir die Moslem konteks aangepas en in Mwani vertaal. Ons het die opnames hiervan gereeld nog op Radio Nuru gebruik. Dit is lesse wat 'n mens met gelowiges, maar veral ook met ongelowiges kan gebruik om stelselmatig deur veral die Ou Testament te werk.

Die lesse fokus veral op die beloftes en beelde wat heenwys na die Messias wat sou kom om ons te verlos. Die laaste lesse gaan dan oor Jesus in wie al die beloftes vervul is.

Nou dat daar onder die Mwani mense op verskillende plekke groepies mense tot bekering kom, het Andries dit goed gedink om die geskrewe materiaal van hierdie lesse af te stof, al die Engels uit te haal, 'n paar ekstra dinge in te sit en dit in boekvorm te druk as 'n hulpmiddel vir nuwe groepie leiers om dit as uitreik-instrument te gebruik.

World Outreach het die fondse vir hierdie projek voorsien, en ons kon 50 stelle (van 3 boeke elk) laat druk voordat ons terugkom en het reeds 'n paar stelle aan sleutelpersone kon gee.

Intussen het Sunette ook die program materiaal wat ons in Muapula opgeneem het ge-'edit' om dit in audio programme (9 in Portugees en dieselfde programme ook in Makua) te omskep. In Pemba het ons dit saam met ander toerusting vir Vicente van Radio Nuru kon gee asook vir Radio Wimbe in Pemba.

## 3. Veritas

Tydens ons reis Noord het ons eers 'n rukkie in die Suide vertoef waar Andries Veritas se module 2 by die groep **in Hokwe**, waar ons aan die begin van die jaar was, aangebied het –'n ywerige en oulike groep mense. Elke nou-en-dan stop ons die fasiliteering om stil te word en Vader te antwoord, vir my was dit heilige momente om hulle eerlike gebede, dank en lof te beleef. Daar is 'n groepie goeie fasiliteerders wat sterk op hulle eie aangaan om ander op te lei. Enige sendeling se droom.

Omdat dit so krities was dat ons verblyf-permitaansoeke ingehandig moes word, kon ons nie aan ander groepe in die Suide aandag gee nie. Ons het terug gehaas, en 3 dae+ gekruie tot Pemba.

Vier dae later het ons teruggedraai op ons spore vir twee Veritas groepe (mod 1) in die Zambezia provinsie –950km suid. Die eerste was **in Mocuba**, en het deel uitgemaak van die 6 maande opleiding van 'Sheepfold ministries' vir plaaslike sendelinge. Dit het die eerste dag+ geneem voordat die meeste vrylik deelgeneem het aan gesprekke.

Dit was 'n wonderlike ervaring om die groot inpak op hulle lewens te sien. In hulle persoonlike lewens, maar ook ter voorbereiding vir hulle bedieningswerk as sendelinge. Bid vir hierdie mense wat dikwels met GEEN ondersteuning

uitgaan en die blye boodskap bring.

Die tweede groep was twee ure se ry Suid van Mocuba **by Nicoadala**. Dit is net 'n katspoegie van Quelimane af waar ons in 1991 vir die eerste keer in Mosambiek gevestig het. Ons is weer tasbaar her-rinner aan hoe warm ($40^o$+) dit in hierdie area kan word. Genadiglik het dit teen die 3de dag daar begin reën.

T.s.v. gate in die organisering het ons ervaar dat dit ook 'n geleentheid van Bo is. Daar is 2 inisiatiewe vir eie opleiding wat nou binnekort gaan afskop, en die Veritas opleiding kom net betyds. So getuig die twee leiers vd groepe! Ons kon hier 8 fasiliteerders oplei.

Ons is redelike vol 'geboek' tot Feb 2023 en vra dat julle saam met ons sal bid. Daar moet ook weer baie kilometers afgelê word, en daar is altyd onsekerhede. Hierdie week sou ons opleiding vir 'n groot groep kerkleiers in Chiure distrik gedoen het, maar hulle het gevra om dit met twee maande uit te skuif a.g.v. die teroriste wat nou baie aktief daar is.

## 4. Residensie

Dit is die eerste jaar dat Cabo Delgado ingesluit word by die nuwe proses waar aansoeke vanaf die provinsie se godsdienssake na Maputo gestuur moet word vir goedkeuring. Slegs met hierdie goedkeuring kan mens dan na immigrasie gaan waar die verblyfpermitte uitgereik word. Nie een van die sendelinge hier het hul dokumente van Maputo terug ontvang nie, en sommiges moes groot boetes betaal.

Immigrasie het ons gevra om vir ons proses te betaal (+ R19,000.00), maar sal nie die dokumente na Maputo stuur voordat ons, ons terugvoer van daar af het nie. Hulle gee ons net 15 dae om dit te doen, as ons geen antwoord kry nie sal hulle die kwitansies kanselleer, en ons moet weer begin; weer betaal vir die hele proses en ook 'n p/p daaglikse boete.

## 5. Verblyf

Ons huur nou 'n huis in Pemba vir twee weke, en beplan om Saterdag (10^e^) na Niassa te vertrek. As ons terug kom moet ons uitkyk vir iets meer permanent. Daar is baie vrae in ons harte oor waar en hoe.

## 6. Wat sien ons?

Toe ons in 2015 weer Mosambiek toe gekom het na die afwesigheid van 'n hele klomp jare, was ons verstom oor die vooruitgang, banke en vulstasies in allerlei

dorpe, mense met netjiese klere, kinders in skooluniforms en byna almal het ten minste plakkies aan. Deesdae, sê ons nou die aand vir mekaar, lyk dit hier Noord vd Zambesie rivier al hoe meer na die Mosambiek van die vroeë 90's toe ons hier begin werk het. Baie kinders dra nou weer **stukkende, geskeurde klere**.

'n Ander waarneming is deur persone in die media-wereld gemaak: Onlangs het die insurgente 'n handgeskrewe waarskuwing in 'n sekere dorp gelos. Dit is basies 'n waarskuwing aan nie-Moslems om hulle óf te bekeer tot Islam, óf belasting te betaal aan 'n Islamitiese autoriteit, óf die gevolge te dra van voortgesette geweld en oorlog. Dieselfde 3 opsies was in die Kongo, sowel as in die midde-ooste op onlangse vergaderings ter sprake. Die afleiding wat gemaak word is o.a. die groei in die **strategiese koóördinering en groter doel van Islam**.

Die 3 sendelinge wat op 'n klein aanklag gevange geneem is, en waarvan die **klag** toe sonder enige skynbare grondige rede na **terrorisme** verander is, bring 'spanning' by ons wat hier Noord werk. Hulle is nou na maksimum sekuritteit in Maputo verplaas https://clubofmozambique.com/news/mozambique-lawyer-asks-for-provisional-release-of-south-africans-arrested-on-suspicion-of-supporting-terrorism-229588/ Sien skakel bo vir meer inligting

## 7. Wat lê voor?

'É só Deus que sabe' – dis net God wat weet-sou baie mense hier se kommentaar wees – Christene sowel as nie-Christene.

Soos mens steeds gedurende die afgelope paar jaar kon sien, is die gordyn stadig maar seker besig om toe te skuif oor geleenthede om die evangelie vrylik te verkondig.

Tog weet ons ook dat niks vir ons God en Heer onmoontlik is nie. (Spr 21:1)

Laat ons dan onophoudelik bid vir Sy genade oor hierdie land, en terselfdertyd die beste gebruik maak van elke geleentheid wat ons nog het.

## 8. Hy het mens geword

Hebreërs 1 beskryf die absolute heerlikheid van Jesus maar dan sê God in 2:14-15: "*Aangesien hierdie kinders mense van vlees en bloed is, het Jesus ook net soos hulle mens geword. Dit het Hy gedoen om deur sy dood dié een wat mag het oor die dood, dit is die duiwel, te vernietig en om hulle wat uit vrees vir die dood hulle hele lewe lank in slawerny was, te bevry*".

Terwyl die engel die "goeie boodskap" van "groot vreugde" aan die wêreld gebring het, moes die hemele gesidder het oor die hoë prys wat Sy menswording gekos het.

In die aangesig van ons grootste vyand, ons ou natuur met sy arrogante egoïsme, is daar min dinge soos opregte (suiwer) lof aan hierdie Kind wat ons die oorwinning oor ons afgodery kan gee. **Kom ons rig ons lof ten volle op Hom** wat so 'n duur prys betaal het, uit liefde vir ons as verlorenes.

# LAUDIUM UITREIK AKSIE

*Nuusbrief: Desember 2022 van Johan en Elsa Naude*

2022 - waarmee sal ons dié jaar vergelyk? Miskien met ‘n paar woorde van Efesiërs 6 : 13 – die ooreenkoms is vir my nogal heel interessant - “Daarom neem die volle wapenrusting van God op, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil, en nadat julle alles volbring het, staande kan bly.”

‘n “Dag van onheil” – dis mos nou wanneer alles sommer net lyk, dit loop skeef. Dít is die tyd wanneer ons nou rêrig hierdie “wapenrusting” só nodig het – en dis nie alleen sodat ons nie ons geloof in Jesus sal verloor nie - maar verseker ook sodat ons, terwyl ons midde-in die drama van die dag staan, ons voldoende geestelike en fisiese weerstand sal kan bied, sodat ons, nadat al die drama verby is en die stof gaan lê het, ons ons vashou aan Jesus net nie verslap het nie !

So ‘n tyd wat ons onlangs ervaar het was toe een van ons “staatmaker dienswerkers”, Sada Moonsammy, na ‘n baie ernstige Covid siekbed net nie weer ten volle kon herstel nie - hy het net sieker en swakker geword – en die provinsiale hospitaal waarop hy aangewys is, se behandeling het gelyk of dit hom eerder swakker as beter laat word. Ons dank die Here vir die dienste van ‘n groepie van die Moreletapark Kerk wat ‘n bediening het, genoem “Help Lift” wat vir ons gehelp het om vir Sadda by ‘n baie bekwame Spesialis uit te bring, wat van haar tyd en dienste vir Jesus gee, en sy het regtig soveel aandag aan hom kon gee, dit was sommer bemoedigend vir ons almal om te sien.

Nóg so ‘n “dag van onheil” – was die Covid episode – en maak nou nie saak of jy vóór of teen inenting, of teen maskers of wat ookal was nie, die “gogga” het die werk van die Here groot skade aangedoen. Selfs “Kerk-mense” verkies om deesdae in ‘n gemakstoel te sit en op TV diens in te skakel - want sien, “Sondag is mos ‘n rus-dag”!

Ons het in ‘n vorige skrywe melding gemaak van die plakkers-dorpie, daar langs



Laudium, met die naam “Itireleng” waar ons, om veiligheids-redes, nie toegelaat was om die film “The Cross and the Switchblade” te gaan vertoon nie. Maar, het ons gereken, dis darem so jammer dat mense wat, net soos ons, op pad is na ’n ewigheid – of met, of sonder Jesus – nie die geleentheid gehad het om ten minste een keer die Evangelie van Jesus te hoor nie, en ons wend nie ’n daadwerklike poging aan om vir hulle van Jesus te vertel nie. Ons het in die tussentyd gekyk of ons nie dalk ’n ander metode kon vind om wel te kan uitreik na die mense van Itireleng nie, en het toe met ’n sekere Pastor Gideon Levi ontmoet, wat ’n tent-kerk binne-in ’n ommuurde standplaas het, wat so ’n twee sokker-veld afstand buite Itireleng geleë is, en met so 500 handbiljette het hy en sy gemeentelede die geleentheid onder die mense van Itireleng bekendgemaak.

Weens die gespanne atmosfeer wat daar geheers het - in die nag veral, het ons die program so aangepas dat ons nie later as 18:00 sou aanhou nie, om aan almal, (klein en groot) die geleentheid te gee om voor donker terug te wees by die huis.

Alles het verloop net soos dit beplan was – die krag-opwekkertjie het rustig in die agtergrond gedreun en die film het gewerk asof hy gemaak was vir die geleentheid -- en toe -- **‘n skielike stilte**!

En glo my, dis nie op daardie stadium wat ons stilte wou gehad het nie! Die wat geweet het hoe – en sommer die wat niks van masjinerie geweet het nie - het elkeen ‘n opinie en ‘n plan gehad van hoe om daardie kragopwekkertjie weer aan die gang te kry – en elkeen het ‘n skroefie gekies om los of vas te draai – **maar verniet** !

Sommer gou-gou is daar ’n “kringetjie gevorm” en vuriglik gebid dat Hy wat weet hoe die enjin gemaak is, en selfs weet wáár die fout lê, dit sommer asseblief vir ons sou kom regmaak ook – maar heel laas moes ons maar berus daarby, dat die film nie op daardie dag en plek gewys sou word nie. Die teleurstelling was op oud en jonk se gesigte duidelik te lees. Ons het toe maar van die geleentheid gebruik moes maak om sonder prentjies, die Evangelie van Jesus te deel – met die belofte dat ons binne die volgende paar dae wel die film

dáár sal kom vertoon.



Ons is toe nou weer op die 9de Desember 2022 weer daarheen die Here het ons geseën en ons kon gedurende die middag die “Jesus Film vir kinders” vertoon, en so ’n bietjie later ’n paar films omtrent geestelike groei aan die volwassenes vertoon. Ons dank die Here dat die program sonder insident plaasgevind het, en dat hoewel die film so ’n bietjie later aangehou het as wat ons oorspronklik voor beplan het, dat almal wat daar was ook weer veilig na hulle woonplekke kon terugkeer. Dankie vir elkeen wat so getrou vir ons bid vir beskerming, maar veral ook dat Jesus mense se harte na Hom toe sal trek. Bid asseblief vir die redding van mense vanuit die kloue van die duiwel na Jesus se liefdevolle arms.

Een van die areas waarnatoe ons uitreik is na die kinders van die twee woonstelblokke, Himalyas en Bangla Desh in Laudium. Behalwe daarvan dat ons op ’n redelike gereelde basis daar “door-knocking” doen, waar ons van die een deur na die ander gaan om met mense te gesels oor Jesus, hou ons ook van tyd tot tyd “kinder-tyd” – dan word speletjies gespeel, eetgoed uitgedeel en indien moontlik, sodra die son sak, ook ‘n Christelike film vertoon.

Hou asseblief aan om vir ons te bid - totdat Hy weer kom.



Ons wens almal ’n besondere geseënde Christus-fees toe, en mag die jaar wat voorlê nog beter wees as al die jare wat hom voorafgegaan het.

Beste groete

*Johan en Elsa Naudé – en span*




## Navrae aangaande sendelinge

Indien u enige navrae het oor die Sendelinge wat deur u en ons Gemeente ondersteun word, kontak **Carl de Beer 083 443 9256**

Sendinggroete in Christus, **Sending (as deel van Diensgetuienisbediening)**

NG Gemeente Rietfontein-Suid, 16e Laan 615, Tel. 012-331 3531 (Kerkkantoor)



# Gelukkige Moedersdag—14 Mei




*Haar kinders prys haar, haar man bewonder haar.*

Spreuke 31:28


'n Moeder se liefde kan nie verklaar of verstaan word nie - Dit laat haar soms lag dit laat haar ook trane stort!

**Cryptic Crossword van p9**

ACROSS: 1.Mercer 8.Flour 9.Branded 11.Friendly 12.Cycle 15.Disc 16.Box 17.Aloe 19.Stiff 21.Golfball 24.Yawning 25.False 26.Kettle

DOWN: 2.Early 3.Conflict 4.Reef 5.Offer 6.Cold 7.Fray 10.Dragonfly 12.Code 13.Martinet 14.Self 18.Abbey 20.Final 21.Gift 22.Lily 23.Lack







# Reik uit na ander

Vir sover julle dit aan een van die geringste van hierdie broers van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen.


Matteus 25:40

Dit is selde wat jy iemand sal vind wat vir ander mense die lewe aangenamer maak, maar self terneergedruk is. Om jouself te vergeet in diens aan ander is nie net die godsdienstige pad van die lewe nie, maar is ook die pad na 'n vol en bevredigende lewe.

Daar is soveel verskillende maniere om mense in nood te help. Terwyl jy ander help, sal jy 'n ryke seën as beloning ontvang. Elke goeie daad wat in Christus se Naam verrig word, bring seën beide vir die gewer en die ontvanger. En bo alles bring dit eer vir sy Naam.

*Here en Meester, maak my sensitief*
*vir die nood van ander. Amen.*

Ozrovech S. (2008) Genade vir elke Oomblik, Christian Art Gifts RSA, bl. 14 Februarie




**RIETFLUIT REDAKSIE & ADMINISTRASIE**

Vir enige navrae oor advertensieplaasing, getuienis, voorstelle of nuus oor u bediening, stuur gerus 'n e-pos vir Ilze du Plessis by ilzedples@gmail.com. Kontak nommer is 0721113100